

## Saterdag 1 Augustus

**Skrifgedeelte: Spreuke 1:1-7 (1983-vertaling)**

**Fokusgedeelte: Spreuke 1:7**

### **Kennis begin met die dien van die Here!**

**S**preuke gee vir ons 'n skatkis van onskatbare waarde. Die wysheid word deur Salomo, seun van Dawid, koning van Israel opgeteken. Hiermee verkry elke vers gesag. Salomo se wysheid is bekend. Sy verhouding met God maak hom geskik om lewenswaarhede te deel. Naas die *praktiese raad* vir elke situasie waarvan ons in Spreuke leer, word *verhoudinge* beklemtoon. Daar was destyds baie ander wysheidsliteratuur beskikbaar. Spreuke beklemtoon dat ons optrede nooit los van God kan plaasvind nie.

Ons kry wyse raad vir ons huwelik, werksituasie, opvoeding, humeur, skinder, eerlikheid en ander. Dit is verbasend hoe reguit en eerlik die Skrif oor elke aspek van ons lewe praat.

Elke boek, tydskrif, TV-program, berader en wie of wat ook al, is gereed om vir ons oplossings te gee:

- Tien dinge om te doen as jy depressief is
- Vyf maniere om op te hou rook of drink
- Drie stappe om die vlam in jou huwelik terug te kry
- Sewe beginsels vir geestelike groei.

In wese is elke mens SOEKEND. Daar is 'n HONGER na WYSHEID.

- Spreuke sal jou leer om te kan onderskei wat reg en verkeerd is.
- Spreuke sal jou help om die raaisels en dubbelsinnighede van die lewe op te los.

Dit is die kern van vers 7. Om die *Here te dien*, beteken dat ek:

- God ernstig opneem
- 'n lewende verhouding met God beleef
- my instruksies van die Here af kry.

In die volgende weke gaan ons meer hiervan lees.

*Sing: Psalm 19-1:4*

*Ds. PJ van Blerk (Petrus) (Rietvallei)*